

Ons kry baie keer in die nuus verslae van ooggetuies. Mense wat gebeure sien afspeel het, vertel ons daarvan. Vanoggend lees ons ook so 'n ooggetuie verslag. Johannes het die dinge waarvan hy in Openbaring skryf, gesien en beleef.

Hy het alles neergeskryf sodat ons kan sien en glo, opgewonde sien en glo dat ons deel van God se eindgebeure is.

Skriflesing: Open 22:6-21

Tema: Jesus is die Ou wat gaan wen

Ek lees die afgelope week in die boek: "Stories vir die lewe", 'n verhaal met die tema: "Openbaring in 'n neutedop."

'n Skoonmaker wat in 'n universiteit gewerk het waar teologiese student opgelei is, het elke dag geluister na die gesprekke en debatte wat die studente in die gange met mekaar gevoer het. Dit was vir hom heerlik want, hoewel hy nie geleerheid gehad het nie, het hy die Here baie liefgehad. Om enige iets meer oor Hom te kon verstaan, was vir die skoonmaker soos manna in die woestyn. So het hy elke dag geluister na passievolle argumente vir of teen verskillende teologiese standpunte. Eendag was 'n paar student weer in so gesprek betrokke, die keer oor die ingewikkelde boek Openbaring.

In 'n stadium het een van hulle sommer vir die grap vir die skoonmaker gevra: "Sam, wat dink jy is die

eintlike boodskap van die boek Openbaring?"

Sonder om tweekeer te dink het Sam opgekyk en met groot oortuiging gesê: "Jesus is die Ou wat gaan wen!"

Ons is mense met 'n vaste hoop, want Jesus is die ou wat gewen het en wat gaan wen. Hy laat ons deel in Sy oorwinning.

Iemand het gesê: "Ons is nie in die land van die lewendes op pad na die land van die dooies nie. Ons is in die land van die sterwendes op pad na die land van die lewendes."

Glo jy dit?

Leef jy dit?

Die gevaar is dat ons so sal vaskyk teen die probleme en hartseer van ons dag of dat ons ons so besig sal hou om te oorleef in die hier en nou dat ons geen verwagting meer vir die toekoms het nie.

Iemand skryf oor so 'n lewenshouding: ons geniet niks nie en vind sin in niks nie. Ons bly lewe omdat daar niks is om voor te sterf nie.

Hierdie verwagtingloosheid is nie beperk tot individue nie. Dit raak ook kerke en samelewings. Ons het 'n gebrek aan verwagting oor die Here se liefde, Sy lewensveranderende almag en oor Sy toekoms vir ons. Ons het gebrek aan verwagting oor die Here.

Daarom is dit belangrik dat ons sal kyk hoe Hy Hom in die gelese gedeelte aan ons bekendstel: Hy is die Skrywer van die toekoms. Hy stuur Sy engel om ons te wys wat binnekort gaan gebeur.

Hy stel Hom in Open 22:13 bekend as die Alfa en Omega. Dit is die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet. Hy omspan alles. Hy is die een by wie alles begin en by wie alles eindig. Hy is die begin en einde van die geskiedenis en van alles wat tussenin gebeur.

Ons lees in Open 1:8 dat God Hom met dieselfde woorde aan ons bekend stel. Met ander woorde die opgestane Here Jesus Christus tree nou, soos die Vader, met volle Goddelike mag op. Hy is die Almagtige, niks gebeur buite Hom om nie.

Ons lees in Open 22:16 dat Hy van Homself praat as die: "Afstammeling, die nakomeling van Dawid"

Hy is deel van die vervulling van die profesie van Jes 11:1: "'n Takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra." Uit Hom ontspring daar nuwe lewe.

Hy sê ook: "Ek is die helder Môrester" Die môrester kondig aan dat die nag verby is. Na 'n lang nag van vervolging, verdrukking en hooploosheid, breek in Jesus onstuitbaar 'n nuwe dag aan.

Ons probleem is dat ons vergeet wie die Here is en ook dat ons as kerk so inburger raak in die dinge van die verbygaande wêreld dat ons vergeet van ons bestemming. Ons verloor ons toekomsvisie. Ons word bewoners van die wêreld en nie meer reisigers deur die wêreld nie. Ons wag vir die dinge van die wêreld. Ons wag vir beter ekonomiese tye, dat ons skip sal inkom. Ons wag vir een of ander geluk wat na ons kant toe kom. Ons wag vir die Oktober of Desember vakansie.

Maar as kerk wag ons nooit vir iets nie, ons het Iemand. Iemand wat sy liefde en trou gewys het aan 'n kruis en in 'n leë graf. Iemand wat ons lewens aanraak en verander. Ons toekoms is nie iets nie, dit is Iemand. Hierdie Iemand maak ons lewens en hierdie wêreld nuut. En Hy sal weer kom en alles volmaak nuut maak. Ons hoop en wag met opgewondenheid op hierdie dag.

Maar ons wag is nie 'n passiewe wag vir een wat weer kom nie. Ons sien in Open 22 dat ons, terwyl ons wag, moet seker maak of ons saak met die Here reg is. Drie maal sê Hy in die 15 verse: " kyk, Ek kom gou." Daarom moet ons elke oomblik gereed wees. Ons lewe moet gewas wees deur die vergifnis en verlossing van die Here Jesus Christus.

En saam met die engele is ons mededienaars van die Here. Ons mag nie net seker maak of ons eie saak met Hom reg is nie. Ons moet ook seker maak dat ander se saak met Hom reg is. Ons mag nie die woorde van die profetiese boek geheim hou nie, die eindtyd is te naby. Ons kan dit nie verswyg of weggesteek nie. Almal moet dit so gou as moontlik hoor:

Open 22:11 is 'n moeilike vers: "Wie kwaad doen, moet voortgaan om kwaad te doen, en wie vuil is, moet vuil bly; maar wie doen wat reg is, moet voortgaan om reg te doen, en wie heilig is, moet heilig bly."

Die vers sê nie dat dit te laat is om tot ander insigte te kom nie. Dit beklemtoon die dringende nabyheid van Jesus se koms. Daar is amper nie meer tyd vir verandering in lewenstyl nie. Ons moet kies. Daar is 'n duidelike skeiding tussen die wat kwaad doen en die wat reg doen; tussen die wat vuil is en hulle wat hul skoon laat was het, tussse hulle wat vals is en hulle wat heilig is, tussen reg en verkeerd en tussen buite bly en ingaan in die heilige stad in. Ons moet kies.

Ons lees in Open 22:17 dat ons as kerk twee maal roep tot die Here Jesus om te kom. En twee maal roep ons tot ons medemense: "En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!"

Afsluiting

Ek sluit af met 'n beeld. In Openbaring 22:17 word na ons as kerk verwys as die bruid. Ons bruidegom Jesus Christus gaan ons kom haal.

Kerk- en Christenwees is 'n las as ons nie nie meer die bruidegom verwag nie en nie meer uitsien na ewige lewe saam met Hom nie.

Hy kom gou!

Ons staan nie voor 'n nare noodlots-toekomsloosheid nie. Ons wag vir Hom wat as Bruidegom kom.

Soos 'n bruid haar grimeer, regmaak, bruidsklere aantrek en vir die fotograaf poseer, so moet ons reg wees, want ons bruidegom kom.

Soos 'n bruid met aansteeklike entoesiasme almal saamsleep in haar opwinding oppad na haar huwelik, so moet ons as bruidskerk met aansteeklike entoesiasme mekaar en die wêreld saamsleep: "Kom saam, kom deel in ons hoop. Kom saam, ons is oppad na 'n beter toekoms. Ons is oppad na 'n hemelse bruilofsfees.

Amen

[Voorstel vir skakel in kuberamma](#)

Preke

Ons probleem is dat ons vergeet wie die Here is en ook dat ons as kerk so inburger raak in die dinge van die verbygaande wêreld dat ons vergeet van ons bestemming. Ons wag vir die dinge van die wêreld. Ons wag vir beter ekonomiese tye, dat ons skip sal inkom. Ons wag vir een of ander geluk wat na ons kant toe kom. Ons wag vir die Oktober- of Desember-vakansie. Openbaring 22 vers 11 beklemtoon die dringende nabyheid van Jesus se koms. Daar is amper nie meer tyd vir verandering in lewenstyl nie. *Jesus is die Ou wat gaan wen.*